



# Ark Blitz

Liewe Ouers

God soek houers om Sy goedheid, liefde en sorg na die wêreld toe te neem. Abram was so 'n "houers". Ons vergelyk Abram en Lot en kyk na die 2de gebod.



### Beloftes:

\*..."die hele land wat jy sien, gee Ek vir altyd aan jou en jou nageslag. Ek sal jou nageslag so baie maak soos die stof van die aarde. As iemand die stof van die aarde kan tel, sal jou nageslag ook getel kan word. Trek nou deur die land deur sy lengte en sy breedte, want Ek gee dit vir jou."

### (Gr 2) Les 17 – WAT MAAK JOU LEWE VOL?

Maats lees: Gen 13: 1-7

Dit het baie goed gegaan met Abram en sy broerskind Lot se veeboerdery. Hulle het teruggetrek na die plek tussen Bet-El en Ai. Abram en Lot se vee wagters het begin stry omdat daar te min weiding was vir albei se vee. Die Kanaäniete en Feresiete het ook nog in die gebied gewoon. Abram sê toe vir Lot: "Ek en jy moenie met mekaar stry en rusie maak nie en ook nie ons skaap wagters nie, want ons is familie. Die hele land land lê oop voor jou. Gaan jy liewer weg van my af. As jy links gaan, gaan ek regs: en as jy regs gaan ek links." Abram was die oudste. Daarom kon dadelik vir Lot beveel het om te trek. Abram kon ook geredeneer het dat God daardie grond vir hom gegee het. Aangesien dit syne was, het hy seker 1ste sê gehad oor waar hy wou boer. Maar Abram het nie so opgetree nie. Hy het vir Lot 1ste keuse gegee. Lot kon die beste grond uitsoek. Die hele Jordaanstreek tot by Soar was vol water en het baie weiding gehad soos Egipte. Lot het in die stede van die Jordaanstreek gaan woon. Die probleem was egter dat Lot 'n gebied gekies het wat nie deel was van Kanaän nie, die land wat God hulle gegee het nie. Abram het in Kanaän bly woon. Lot het hom glad nie daaraan gesteur dat die grond wat hy gekies het, deel was van die plek waar mense baie slegte dinge gedoen het nie. God was nie vir hulle belangrik nie. Lot het rykdom en besittings gekies omdat hy geglo het dit sou hom gelukkig maak. Selfs al het dit beteken dat hy tussen sulke mense gaan woon en saam met hulle leef. Na Lot weg is, het God weer Sy belofte bevestig en 'n opdrag aan Abram gegee. Abram het sy tente versit na Hebron en 'n altaar vir God gebou. Abram het geweet jy kan net gelukkig wees as jy jou vol maak deur naby God te leef en as God alleen vir ons sorg. Daarom het hy nie besittings, rykdom en geweldheid en 'n ander land begeer nie. Lot het sy lewe vol besittings, rykdom en geweldheid gemaak, daarom was daar nie plek vir God se goedheid in sy lewe nie. As God nie Nommer 1 is nie, sal ons nooit gelukkig wees nie. Ons sal ons lewe vol besittings, geweldheid, sukses, prestasie en vriende probeer maak. Sonder God is ons soos 'n glas – leeg en ons bly dors.

**Abram** vs **Lot**

**Familie**

**Oudste** vs **Kies eerste**

Glo God gaan sorg vs Ander dinge maak Lot gelukkig

Bet-El vs Sodom

Kanaän vs Kanaän

Vol met God vs Leeg sonder God

Beloftes vs Beloftes

